## * HAP-EN-TRAP met "JUMBO SALE" en TEETUIN *

'n Heerlike geleentheid om na uit te sien! Op Saterdag, 29 Oktober 08:00 tot 12:00 kuier ons lekker saam in die kerksaal! Daar gaan allerlei gebruikte goedere te koop aangebied word, ook klere en beddegoed. Nooi almal uit om te kom inloer! Daar's ook 'n teetuin met heerlike drinkgoed, skywe koek of tert en soutigheid—net vir R25! Allerlei Hap-en-Trap eetgoed word verkoop: pannekoek (R5), boereworsrolle (R15), hamburgers (R15), sosaties (R15) en basaarpoeding (R10). Kom kuier saam en geniet die heerlike eetgoed. Ons gemeente het hierdie fondsinsameling nodig om ons begroting te laat klop!



Hoe kan jy help?

⇒ Ons het hande nodig om te help verkoop.

⇒ Ons benodig mense om Vrydag die items te help merk.

⇒ Ons het bydraes van tweedehandse klere, beddegoed, en alle ander wit olifante dringend nodig. Bring jou bydraes Vrydag vanaf 08:00 na die saal.

⇒ Ons het ook koekmeel, kookolie, suiker, poedings en uie nodig. Gee af by ds Danie of die kerkkantoor.

⇒ Vertel vir almal wat jy mee praat van hierdie geleentheid en moedig mekaar aan om hierdie Saterdag by die kerk te eet en nie elders kitsetes te koop of koffie te drink nie.

⇒ Bring jou vriende en kom kuier saam!

⇒ Sê ook vir jou tuinhulp en huis- hulp van die Jumbo Sale.



ONS EER GOD MET LIEFDEVOLLE OMSIEN EN UITREIK

# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 23 Oktober 2016**

*"Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien".* *Psalm 103:13*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer Alta du Toit Nasorg.


**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese vergader om 10:15. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee ontmoet jou graag na die diens voor die kansel.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds Robert) en op Vleesbaai (aflos).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Herberg Kinderhuis.



**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 se kategese is na die diens in die saal. Gr 9 kategese vergader om 10:15. Gr 10 Woensdag om 18:00 by ds Robert.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 Santos 2; Dinsdag om 09:30 in die konsistorie.

Ds André: Dinsdag om 09:30 in die saal.

Ds Robert: Dinsdag 09:00; Donderdag om 09:00 op Vleesbaai; Boekleesgroep 18:15 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 in Santos 1.

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat" onder die verhoog.

**Saterdag:** HAP-en-KRAP in die kerksaal vanaf 08:00.

**BANKBESONDERHEDE**

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

**KOSKAS:** Oktober is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.

**MATRIEKS:** Help asb om die inligting by die matrieks uit te kry. Die jaarlikse matriekfees op Heroldsbaai is 30 Nov tot 7 Des. Vir inligting kontak een van die dominees of ds Johan Engelbrecht (082 372 6729) of gaan na www.facebook.com/matriekfees/

**ALPHAKURSUS:** Vanaand weer van 17:00 tot 19:00 in die kerksaal.

**KERSSANGDIENS:** Ons gee nou reeds kennis dat ons KERSSANGDIENS 'n week vroeë skuif na 20 November om 18:30. Merk dit asb op u program.

**NUWE LIDMATE:** Cornelia T van Aarde (Protea Aftreeoord) vanaf Lutzville; Petrus J Kruger en Tinka Kruger (Fynboshoogte) vanaf De Vleie; Dawid A vd Merwe, Amanda Y vd Merwe, Nicolette N vd Merwe en Johan vd Merwe (Seemeeupark) vanaf Oberholzer-Wes. Hartlik welkom!

**DEURKOLLEKTE:** Sinodale offer vir Radiokansel was R2 423-60.

**BELYDENISAFLEGGING:** 'n Groep jongmense lê DV op 13 November belydenis van geloof af. Bid asb vir hulle.

**MEUBELS VIR DIE "GAT":** Ons wil graag 'n sitkameratmosfeer in die "gat" onder die verhoog skep en vra enige iemand wat 'n gemaklike stoel óf sitkamerstel het, wat bereid is om dit te skenk, om vir ds Robert of die kerkkantoor te kontak. Ons wil dit graag jeugvriendelik maak, waarvoor ons dit ook vir ander geleenthede kan gebruik.

**HULP AAN GEMEENTESEUN:** Die operasie is 19 Oktober gedoen, maar ongelukkig het daar iets tegnies skeefgeloop en hy moet volgende week weer ge-opereer word. Bid steeds en u kan ook steeds bydra.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:
Mariaan Huisamen Blombosch, Coerine de Swardt Santos Haven, Ria Louw Santos Haven, Wessie van der Westhuizen Rooielsstr, Ben Swart Heidepark, Jandré van Zyl Pinaclepark, Helen Jooste Golflandgoed, Anene van Wyk Boggomsbaai, Magriet de Villiers Vleesbaai, Pieter Kempen Boggomsbaai, Elise Gildenhuys Hofmeyrstr, Theo Oosthuizen Golflandgoed.



**STERFTE:** Johan Olivier Deltastr (eggenoot van Adri, pa van Ro-Alette), Magriet Merrick Huis Caro.



# GEBEDSBULLETIN

**<u>Oktober se tema</u>: Leraars en Kerkraad**

**<u>Dank die Here die week vir</u>:**

* Die Gideons Internasionaal - hulle het in 2015 die twee miljard merk verbygesteek met die verspreiding van Bybels en Nuwe Testamente. (Die eerste miljard 1908 tot 2001. Die tweede miljard 2002 tot 2015). Dank die Here dat Hy die nasies voed met die Brood van die Lewe, die Lewende Woord!
* Die manier wat Hy deur die natuur met ons praat.
* Die kerkraad en leraars wat saam soek na God se plan met die gemeente.

**<u>Bid hierdie week vir</u>:**

* Die Alta du Toit Nasorgsentrum (AdTN) in Bellville waar volwassenes (18 tot 75 jaar) wat intellektueel gestremd is se vaardighede word optimaal ontwikkel dmv 'n multidissiplinêre span. Daar is 174 kliënte in vier koshuise, en ook op weeksdae nog 59 dagsorg-kliënte in ons werks- en terapeutiese areas. Hulle bly by AdTN tot hul afsterwe. Die Staat dra nie finansiëel voldoende by nie en gemeentes se ondersteuning dra by tot die volhoubaarheid van die sentrum.
* Die voortslepende droogte -- deurdringende reën landswyd; alle landbou gemeenskappe; teen 'n gees van moedeloosheid, neerslagtigheid en ongeloof; dat mense waterbronne versigtig en verantwoordelik sal gebruik.
* Matrieks wat hulle Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen begin skryf en hul onsekerheid oor studies in 2017.
* Die matriekfees op Heroldsbaai (30 Nov tot 7 Des).
* Onrus op universiteitskampusse; finale jaar studente wie se toekoms ingrypend geraak word. Bid vir langtermyn oplossing, positiewe gesindhede en vrede in harte; vergifnis waar daar bitterheid en konflik is en vryspraak.
* Die hap-en-krap Saterdag.
* Elke gelowige regoor die wêreld wat vervolg word, omdat hy/sy Jesus Christus volg. Die Open Doors 2016 World Watch List toon aan dat Libië vir die heel eerste keer in die top tien is vir lande met gewelddadige vervolging van Christene.

